# COWBOY EN WESTERN ETE

Saal op jou perd en kry hom in galop, want ons hou 'n "COWBOY EN WESTERN ETE" saam met die "COFFEE SNOBS"

Ons gaan smul aan mielies, hamburgers & chips, asook iets soets om mee af te sluit.



Daar sal 'n lyndans vertoning wees.

*Vrydag, 11 Mei 2018 om 19:00*
*NG Kerk Mosselbaai-Suid Kerksaal*

Kaartjies @ R85 per persoon is te koop by die kerkkantoor tussen 07:30 en 12:30 weeksdae, ten bate van ons Uitreik na Werda, Botswana.



# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 29 April 2018**

*"Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop . . ." (1 Petrus 1:3)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Studente Bearbeiding.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Geen agv skole langnaweek.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om 09:00 in kerkgebou (ds André) en op Vleesbaai (ds Danie).

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir die Blommebediening.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-7 vir Kinderkerk in die saal na die kinder-oomblik in die diens. Gr 10 vergader 10:00 te Danie de Jagerstr 34. Gr 9 en 11 soos deur ds Robert en ds André gereël.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

**Ds Danie:** Geen agv langnaweek.
**Ds Robert:** Geen Dinsdag; Donderdag 09:00.
**Ds André:** Geen Dinsdag; Woensdag selgroep om 18:30 te Boekenhoutstr.

**Dinsdag:** Geen Gebedsbyeenkoms.
**Woensdag:** Santos Haven biduur om 15:30 by Santos 1 (ds Danie).
**Donderdag:** Manne bid 06:00 in die "gat" onder die verhoog.
Kerkraadsvergadering om 18:00 in die kerksaal.

**LET WEL:** Kerkkantoor is more en Dinsdag gesluit.
Kantoorure vir Woensdag sal dan 11:00 tot 12:30 wees.

**BANKBESONDERHEDE**

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS:** Mei is **Streek B** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**DEURKOLLEKTE:** Sinodale offer vir MES Kaapstad was R2754-10.

**BENODIG:** Oorskiet wol kan ingehandig word by die kerkkantoor. Baie dankie aan die wat reeds wol geskenk het.

**PROJEK:** Teen einde Mei wil die Vonkelvroue handskoene en mussies vir die kinderhuis stuur. Indien u bereid is om te help brei, kan u die patrone by die kerkkantoor afhaal.

**LIEFDEVOLLE OMSIEN:** Ons benodig mense wat kans sien om af en toe vir een van ons gestremde lidmate te gaan lees of sommer net te gesels terwyl u brei of blokraaisel invul. Dit kan net 20 minute op 'n slag wees en u hoef u nie te verbind tot 'n vaste rooster nie. Skakel ds André as die Here dit op u hart lê.



**DROË VRUGTE:** Te koop by kerkkantoor tbv Botswana-uitreik.

| | |
|---|---|
| Geskilde perskes: | R85 p/kg<br>R45 p/500g |
| Pitlose rosyne: | R50 p/kg<br>R25 p/500g |

## HAP EN KRAP SATERDAG, 5 MEI

Ons gewilde Hap&Krap is weer om die draai. Vanaf 08:00 tot 11:00 sal DV wit olifante, tweedehandse klere en lekker kitsetes in die kerksaal verkoop word. Ons benodig nog wit olifante asseblief (ook speelgoed). Gee asseblief by die kerkkantoor af. Baie goeie klere teen weggeepryse is beskikbaar. Besonderse boeke teen lae pryse is volop. Die etes sluit in Roosterkoeke met Kerrie @ R10, Hoenderpasteitjies en quiches @ R15, Basaarpoeding @ R10 en Pannekoek @ R5. Filterkoffie, tee, koeldrank en sap sal ook verkoop word. Nooi gerus u vriende, familie en werksmense uit om saam te kom koop en kuier. Daar is gewoonlik 'n lekker kuier-atmosfeer en een-en-almal sal iets daar kan vind!






## GEBEDSBULLETIN

**MEI se tema: Ons brood**

Hierdie week se DANKSEGGING:

* Kos , klere, behuising, vervoer, pensioen, rente, salaris, skole.
* Ons liggame en sintuie waarmee ons God se goeie gawes kan geniet.
* Voorsiening in ons geestelike behoeftes.
* Gesondheid of voldoende mediese sorg.
* Werk of voldoende voorsiening vir aftrede.

Hierdie week se VOORBIDDING:

* Studentebearbeiding. Ons offers gaan veral na Stellenbosch se Kruiskerk en Wellington Moedergemeente (en in mindere mate na Tygerberg en Kaapstad). Bid vir die bediening van studente.
* TB (veral weerstandige TB) - bid vir effektiewe gesondheidsorg.
* Die dominees se voorbereiding vir Pinkster.
* Grondbesetting, protes-optredes, plaasaanvalle, bendegeweld, verkragtings, en gewapende roof.
* Werkersdag vieringe, bid ook vir talle werkloses (party soek nie eers meer nie en het verval in misdaad).
* Mense wie se pensioen jaarliks te min styg om tred te hou met inflasie.
* Droogte: 4-5 jaar se goeie reën is nodig om die watertafel te herstel.
* Eredienste - bid dat die klankstelsel nie voortdurend sal lol nie. Wanneer dit getoets word, kan geen fout gevind word nie. Tydens eredienste is daar gereeld probleme!




**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:
Jan Louw Fynboshoogte, Anna Bester Heidepark, Nellie van Wyk Ysterhoutsingel, Baby van Rooyen Santos Haven, Elizé Oosthuizen 18de Laan, Johan Roets Fijnbosch Aftreeoord, Thea Westraad Marshstr, Elmarie Bothma Kameeldoringstr, Susan van Wyk Santos Haven, Petro Alberts Benevolent Park, Nellie Phillips Hoekbaai, Pienkie Veer Vleesbaai, Jackie Serfontein Hoekbaai, Chris van Zyl Hoekbaai.
**STERFTE:** Johann Honiball, seun van Tommie en Sophia Honiball. Sy diens is reeds Saterdag gehou.